**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(OOS-KAAPSE AFDELING)**

**SAAK NR: 8/06**

**DATUM GELEWER:**

**IN DIE SAAK TUSSEN:**

**ANDILE ELIMBA** **APPELLANT**

**EN**

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

---

**UITSPRAAK**

**LIEBENBERG, R:**

1. Die appellant en twee mede beskuldigdes is in die Streekhof te Uitenhage skuldig bevind aan 'n klagte van poging tot moord en 'n klagte van roof. Die rekord is verwarrend omdat die klagstaat daarin vervat aandui dat die eerste klagte een van moord is. Uit die inhoud van die rekord is dit egter duidelik dat die aanheg van 'n klagstaat ten opsigte van 'n moordklagte die gevolg is van 'n oorsig aan die kant van wie ookal verantwoordelik was vir die voorbereiding van die rekord. Die appellant appelleer nou teen sy skuldigbevinding alleenlik.

2. Die wesenlike grond van appèl waarop die appellant steun, is dat die landdros fouteer het deur te bevind dat die appellant voldoende deur die getuienis wat die Staat aangebied het as een van die boosdoeners identifiseer was.

3. In die verhoor was die appellant die tweede beskuldigde. Vir sy identifikasie het die staat op die getuienis van die klaer en ene Jantjies gesteun. Die klaer het getuig dat hy al drie die beskuldigdes voor die tyd geken het. Die appellant het hy van sien daar in die woonbuurt geken, maar hy het nie sy naam geken nie. By oorweging van die getuienis blyk dit dat die klaer se kennis van die appellant minder oortuigend as die van die ander twee beskuldigdes was.

4. Die aanval op die klaer het in die aand toe hy op pad huistoe vanaf sy werk was plaasgevind. Vyf persone het hom aangeval. Dit was reeds donker, maar volgens die klaer was daar voldoende lig deur die straatbeligting verskaf. Wat egter ook duidelik is, is dat die aanval deur die vyf persone 'n intense bewegende toneel was.

5. Op 'n stadium het die klaer van sy aanvallers weggekom en het, agtervolg deur sy aanvallers, gaan skuiling soek in die huis van die getuie Jantjies. In sy getuienis identifiseer Jantjies die appellant ook op die basis dat hy hom van sien in die woonbuurt ken. Ook uit sy getuienis blyk dit dat sy vooraf kennis van die appellant ook swakker was as sy kennis van die ander twee beskuldigdes. Hy getuig dan inderdaad ook in sy hoofgetuienis dat,alhoewel hy vir beskuldigdes 1

en 3 goed ken, hy nie vir die appellant so goed ken nie. Die omstandighede wat geheers het toe hierdie identifikasie deur Jantjies gemaak was, was ook onstuimig. Klippe is na Jantjies en sy huis gegooi en hy was besig om te keer dat die aanvallers nie sy perseel betree nie. Dit blyk uit sy getuienis dat 'n hele aantal persone by hierdie geleentheid betrokke en in die omgewing was. Sy naaste kontak was met beskuldigdes 1 en 3 wat by hom by sy hek was. Die appellant het, volgens hom 'n ent weggestaan. Die mees insiggewende getuienis wat dui op die onsekerheid wat ten opsigte van die identifikasie van die appellant deur hierdie getuie bestaan, kom voor aan die einde van sy kruisverhoor deur mnr. Schoonraad, wat tydens die verhoor vir die appellant verskyn het. Dit was aan Jantjies gestel dat dit die appellant se weergawe is dat hy glad nie daar was nie. Die rekord dui aan dat Jantjies duidelik getwyfel het of sy identifikasie van die appellant korrek was. Toe aan hom gestel is dat hy in twyfel is of die appellant daar was, was sy antwoord, "(S)ê maar ja".

6. Beskuldigde 1 het vir sy vriendin Charlene Ruiters as getuie geroep. Sy het 'n beskrywing gegee van die aanval op die klaer. Sy was teenwoordig en so was beskuldigde 1. Volgens haar was daar ook 5 persone by die klaer betrokke naamlik beskuldigdes 1 en 3 sowel as 3 ander persone. Dit is duidelik uit haar getuienis af te lei dat die persone wat by die klaer betrokke was aan haar bekend is. Sy het dan ook die name van die drie persone behalwe Beskuldigdes 1 en 3 verskaf. In haar hoofgetuienis het sy die appellant glad nie betrek nie en is daaruit af te lei dat hy nie daar betrokke was nie. Onder kruisverhoor deur die aanklaer

het Ruiters getuig dat sy die appellant nie ken nie en dat hy nie daar was nie. Weens die interpretasie wat die landdros aan hierdie geuienis gegee het vind ek dit nodig om die getuienis uit die rekord aan te haal.

"Sê gou vir my. Jy het mos gesê beskuldigde 3 die een met die wit was daar. Beskuldigde 2, was hy daar? --- Ek ken hom nie mevrou.

Was hy nie daar nie? ---Ek ken hom regtig nie.

HOF: Maar nou antwoord sy nie die vraag nie.

AANKLAER: Jy ken hom nie maar was hy daar? --- Nee hy was nie daar nie.

Jy het hom nie gesien nie. --- Nee mevrou."

7. Uit die aangehaalde getuienis van Ruiters is dit na my oordeel duidelik dat die appellant volgens haar nie daar was nie. Insiggewend is dat sy ook 5 persone noem wat betrokke was en hulle by name noem.

8. Die appellant het in sy eie verweer getuig en ontken dat hy op die toneel en by die aanval op die klaer betrokke was. In sy kruisverhoor van die appellant het die aanklaer glad nie vrae oor die aspek van sy teenwoordigheid by of sy betrokkenheid by die voorval aan die appellant gevra nie. Met ander woorde, die

aanklaer het sy ontkenning glad nie aangeval nie. Sy het in haar baie kort en oneffektiewe kruisverhoor slegs vrae gevra oor die appellant se kennis van die mede beskuldigdes en ander getuies in die saak.

9. Die argumente wat deur die onderskeie regsverteenwoordigers voor uitspraak aangevoer is, is ook getik. Dit blyk uit hierdie deel van die oorkonde dat mnr. Schoonraad op die getuienis van Ruiters dat die appellant nie teenwoordig was nie, gesteun het. Die landdros het egter met mnr. Schoonraad hieroor in debat getree deur dit aan hom te stel dat Ruiters nie gesê het dat appellant nie daar was nie, maar slegs dat sy hom nie gesien het nie. Dit blyk dat die landdros hierdie benadering ook in sy uitspraak moes gehad het. Hy het in sy uitspraak glad nie melding gemaak van die betrokke getuienis van Ruiters nie. Die landdros het geen negatiewe bevinding ten opsigte van Ruiters as getuie of haar getuienis gemaak nie. Inteendeel skep sy uitspraak die duidelike indruk dat hy haar getuienis as aanvaarbaar beskou het. Dit is ook duidelik dat die landdros nie die getuienis van Jantjies waar hy die korrektheid van sy identifikasie betwyfel het, in ag geneem het nie en hy het glad nie in sy uitspraak daarna verwys nie. Sover dit die identifikasie van die appellant aanbetref is die bevinding van die landdros opgeneem in sy volgende opmerking: "Die hof is tevrede dat die drie beskuldigdes behoorlik ge-identifiseer word deur die twee staatsgetuies. Daar is geen twyfel omtrent hulle identiteit nie en die hof is tevrede dat hulle behoorlik geidentifiseer is vir sover dit altwee die klagte aanbetref."

10. Na my oordeel het die landdros met sy voormelde bevinding fouteer en moes hy tot die gevolgtrekking gekom het dat daar 'n redelike twyfel bestaan met betrekking tot die identifikasie van die appellant as een van die klaer se aanvallers. Die feit dat hy nie tot daardie gevolgtrekking gekom het nie kan slegs toegeskryf word daaraan dat die landdros die twyfel wat Jantjies uitgespreek het en die getuienis van Ruiters òf nie in ag geneem het nie òf dit verkeerd beoordeel het.

Dit volg uit voormelde dat die appèl moet slaag.

Die appèl word gehandhaaf en die skuldigbevinding en vonnisse van die appellant ten opsigte van albei klagtes word ter syde gestel.

**H.J. LIEBENBERG**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**

**FRONEMAN, J:**

**EK STEM SAAM.**

31/10/07

**J.C. FRONEMAN**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**